

25 April

Numeri 13:33 en 14:9

### ***Sprinkane en geloofsoorwinnaars***

'n Minderheids- en 'n meerderheidsrapport dien voor die volk. Die bevindinge stem ooreen, maar met die aanbevelings loop die paaie uiteen. Tien verspieders voel hulleself voor die Enakiete totaal onwaardig: "Ons was soos sprinkane in ons oë; so was ons ook in hulle oë." Hierdie mense van die meerderheidsrapport berus ook nie by hulle verslag nie. Hulle begin dadelik stemming maak onder die volk deur slegte gerugte te versprei. Omdat hulle werk met wat die oog kan sien, vermenigvuldig die reuse in hulle gedagtes, terwyl die druiwetrosse krimp. Die gerugte versterk die volk se ongeloof en hulle harte versmelt van vrees. Dit maak hulle ook blind vir God se beloftes en die uiteinde is 'n verwerping van God deur die verset teen sy knegte.

Maar wat van die minderheidsrapport? Geloof maak Josua en Kaleb onwankelbaar. Hulle begin nie twyfel as die meerderheid met hulle verskil nie. Hulle verloor ook nie hulle humeur nie, maar God se eer wat in gedrang kom, raak hulle diep in die hart. En die rede vir hulle standvastigheid is duidelik: Hulle vertrou is gerig op God alleen.

Wat sê die verse nou vir ons? Dalk vertrou jy maar net soos Josua en Kaleb? Maar so 'n toepassing sal die verslae harte van die gelowiges moedeloos maak. Ons weet dat geloofsoptrede van ons verwag word. Die probleem is dat ons so dikwels juis daarin te kort skiet. Nee, in die oproep tot geloof lê die toepassing van hierdie verse nie. Dit lê wel in die versekering dat ons steeds te doen het met dieselfde God. Die Verbondsgod bly trou aan sy beloftes. Hy gee Kanaän as erfdeel ten spyte van teëstand en siekte en ander reuse wat ons wil ontsenu. Is jy 'n sprinkaan of geloofsheld?

Sing: Psalm 46:1,4,6

Ds. B.C. Smit (Eloffsdal)